LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

12-02-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 5 VIR 2018

Die Klipkerk bied besonderse geleenthede aan met sprekers wat opbouend is vir ons kinders en ouers in ons gemeenskap.

- **Prof. Stephan Joubert – bied Week van gebed by Klipkerk aan vanaf 26-28 Februarie elke aand om 19:00.**
- ***Dr Johan Smith – bied 'n Ouer/Kindverhoudingskursus/gesprek*** aan op Maandag, 19 Mrt om 18:30 en Maandag, 26 Mrt om 18:30… beide aande is belangrik en ons nooi ouers en kinders beide uit na die gesprek.

1 **OUERAAND**:
Daar is Dinsdag, 13 Februarie om 18:00-19:30 'n oueraand vir die Graad RR en R ouers in ons skoolsaal en die Graad 1 ouers kan na die kind/ers se klasse toe gaan. Al ons ouers word versoek om asb. die geleentheid by te woon.

2 **BL VERKIESING:**
Ons BL verkiesing vind vanjaar plaas op ***1 Maart 2018 om 18:00 in die saal***. Dit is 'n baie belangrike verkiesing en ons versoek elke ouer om die datum te dagboek. 'n Beheerliggaam speel 'n baie groot rol in ons toekoms en uitleef van ons visie. Ons het die afgelope paar termyne skitterende Beheerliggame gehad, wat die skool na nuwe hoogtes geneem het met hul betrokkenheid en visie.

Pligte en verantwoordelikhede van die Beheerliggaam sluit die volgende in:

- Bywoon van departementele vergaderings, kursusse en opleiding
- Fondsinsamelingsprojekte
- Invordering van skoolgelde en die bestuur daarvan
- Ouerbetrokkenheid
- Veiligheid van die skool, leerders en personeel
- Aanbied van projekte
- Werwing en aanstel van kwaliteit onderwysers
- Ondersteuning aan die onderwyser/personeel om hul take te verrig

3 **ATLETIEK: DINSDAG, 13 FEBRUARIE 2018**
Baie geluk aan al ons atlete met julle pragtige prestasies tydens die afgelope atletiekseisoen. Die span vir Heidelberg Kampioenskappe word saamgestel uit die uitslae van Christiaan Beyers, Emfulenipark, Van Riebeeck-park en Vryheidsmonument/Suikerbos byeenkomste. Die atletiekbyeenkoms begin om 09:00 te Hoër Volkskool. Atlete moet asb. DIREK die oggend van 13 Februarie self deur ouers by Hoër Volkskool afgelaai word. Vir

enige probleme, kontak vir Mnr Tewis.

4 **SWEM**:
Daar is swemoefening op Dinsdag, 14:00 - 15:00 en Donderdag, 15:00 - 16:00 by die Hoërskool se swembad.
Datums van swemgala:
14 Febr - St. Dominic's; 21 Febr; 28 Febr; 7 Maart - Interlaer.

5 **NETBAL 2018:**
Reëlings en oefening vir 2018:

Vaardigheidsoefening: 12,14,15,19,22 Febr van 15:15 tot 16:00	
26 Februarie	Netbal oefening begin vanaf 0/10-0/13

Wedstryde vir 2018:

8 Maart	Weg @ Christiaan Beyers - 0/10 tot 1ste span
12 Maart	Tuis @ Delmas - 0/9 tot 1ste span
22 Maart	Tuis @ Selectionpark - 0/10 tot 1ste span
28 Maart - 4 April	1ste span toer
12 April	Van Riebeeckpark - 0/10 tot 1ste span
14 April	Rugbydag te Midvaal - 0/10 tot 1ste span
17 April	Liga @ Risiville - tuis
24 April	Liga @ Vryheidsmonument - weg
3 Mei	Liga @ DF Malherbe - tuis
10 Mei	Liga @ Kollegepark - weg
15 Mei	Liga @ Emfulenipark - weg
22 Mei	Liga @ Midvaal - tuis

Oefentye en afrigters:

SPAN	TYD/DAG	AFRIGTERS/VELD
0/10 A en B	Maandae, Dinsdae en Donderdae 14:15 - 15:15	Madeleine Marlize
Soms kan onderwysers vra om tot 17:00 te oefen, maar sal vooraf reël		
0/11 A en B	Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:30 - 16:30	Gerna Marinélle
0/12 A en B	Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:30 - 16:30	Monica Amanda
1ste & 2de	Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:30 - 17:00	Louda Nikky

MINI-NETBAL:
Ons het 'n netbalkliniek op Vrydag, 23 Februarie vanaf 13:30 - 15:00 by ons netbalbane.
Mini-netbalafrigters en 0/9 dogters is betrokke. Dogters sal briewe ontvang.

Oefentye en afrigters:

SPAN	**TYD/DAG**	**AFRIGTERS**
0/6	13:15 - 14:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Le-Lanie de Beer
0/7	13:15 - 14:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Marica en Juf Lola
0/8	13:15 - 14:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Alta en Juf Hendi
0/9	14:15 - 15:00 Maandae, Dinsdae en Donderdae	Juf Deo-Dané en Juf Danéll

Mini-netbal oefening begin op 26 Februarie, slegs vir 0/7 - 0/9 dogters. 0/6 dogters begin eers bietjie later oefen.

6 **RUGBY**:

- Die rugby-oefening begin op 19 Februarie vir 0/8 tot 0/13 seuns op Laer Volkskool se velde.
- Tye is as volg:
  Op Maandae en Woensdae oefen 0/8 vanaf 17:00 - 18:00.
  Op Maandae , Dinsdae en Donderdae oefen die onderstaande groepe:
  - 0/9 - 14:00 - 15:00
  - 0/10 - 14:45 - 15:45
  - 0/11 - 15:30 - 16:30
  - 2de span groep: 16:15 - 17:15
  - 1ste span: 17:00 - 18:00
- Ondersteun asb. ons Pa en seundag by Loftus. Gelde kan nog net tot 23 Februarie inbetaal word, maar skeurstrokies moet 16 Februarie ingegee word vir die getalle.
- Onthou ook Pa en Seunbraai is op 27 Februarie. 'n Brief vir die getalle sal volgende week uitgedeel word.

7 **REDENAARS**:

- Baie geluk aan al ons redenaars wat so mooi gepraat het, julle was regtig baie oulik.
- Daar het baie van ons leerders deurgedring na die ATKV se 1ste rondte.
- Dit vind plaas op 15 en 16 Maart 2018 te Hoërskool Transvalia in Vanderbijlpark. Verdere inligting sal nader aan die tyd gegee word.
- ***ATKV GELDE VAN R185 MOET ASB. TEEN WOENSDAG,14 FEBR INBETAAL WEES.***

8 **FONDSINSAMELING:**

Laer Volkskool se Beheerliggaam het 'n groot fondsinsameling vir Kwartaal 1 en 2. Daar word 'n 2018 VW Vivo 1.4 Conseptline uitgeloot saam met Hoër Volkskool tennisspan en NTT Volkswagen. Trekking van pryse word met die Wildsfees, 2 Junie gedoen. Die karretjie is die 1ste prys. Die kind wat die meeste boekies/kaartjies verkoop kry R1 000; die gesin wat die meeste verkoop, wen gratis skoolgeld vir 2 kinders en die klas wat wen kry 'n uitstappie. Om die leerders aan te moedig, is daar pryse wat deurlopend uitgedeel gaan word: Vir elke R300 wat inbetaal word - mag hulle die volgende dag, gewone klere aantrek; Vir elke R500 wat inbetaal word - kry die kind 'n snoepie bewys; en so herhaal dit.
Elke leerder het reeds 'n genommerde boekie met 10 kaartjies in ter waarde van R1 000 ontvang. U as ouer bly verantwoordelik daarvoor. Indien u boekie verlore raak, gaan u skoolfonds rekening daarmee gehef word.
'n Volgende boekie word slegs uitgereik indien die vorige een se geld ten volle vereffen is.
Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018

9 VALENTYNSDAG:

Leerders kan Woensdag, 14 Februarie gewone klere aantrek om Valentynsdag te vier. Die koste beloop R10. Betaal dit asb. in by die registeronderwysers.

10 **SKAAK**:

- Beginners oefen elke Woensdag vanaf 15:00 - 15:45, in Juf. Ronelle Terblanche se klas.
- Juniors en Seniors (leerders wat reeds kan skaak speel) oefen ook Woensdae vanaf 16:00 - 17:00, in Juf. Ronelle Terblanche se klas.
- ***Datums van belang:***
  * 24 Februarie - Individuele toernooi te Midvaal
  * 17 Maart - Finale
  * 26 Mei - Gauteng Individuele toernooi
  * 21 April - Liga
  * 27 -28 Julie - Finale

- Belangstellende spelers is welkom om by die Heidelberg Skaakklub aan te sluit. Hulle tye is Vrydae vanaf 18:00 tot 20:00 te Hoër Volkskool. Vir verdere navrae kontak vir Sonika Coetzee - 0849525843.
- ***Klub-datums van belang: (datums is onderhewig aan veranderinge)***
  * 23 Februarie; 23 Maart; 20 April; 25 Mei; 22 Junie; 20 Julie; 24 Augustus; 28 Septemter; 26 Oktober; 23 November

11 **STUDIE METODE KLASSE:**
Daar word weer hierdie kwartaal studie metode klasse aangebied vir die Graad 4 leerders. Klasse vind plaas op Woensdae (14, 21 & 28 Febr) vanaf 16:00 - 17:00 in Klas 22 (ou personeelkamer).
Neem asb. in ag dat al 3 klasse belangrik is omdat dit op mekaar volg. Gr 4 leerders wat dit nie kan bywoon nie, sal weer geleentheid kry vir die kursus in die tweede kwartaal. Bring asb. flikkerpenne (highlighters); Eksamenblok & gekleurde penne saam. Studie materiaal word voorsien.

12 **KOOR**:
Senior koor keuring (oud en nuwe koorlede) vind plaas op Woensdag, 14 Febr vanaf 14:00 - 15:00 vir Graad 4 + 5 en 15:00 - 16:00 vir Graad 6 + 7.
Junior koor (Gr 1-3) word in musiek-klas tyd gekeur. Sodra alle leerders gekeur is, sal briefies uitgestuur word aan dié koorlede wat suksesvol was.

13 **EISTEDDFOD**:
Neem asb kennis dat die Heidelberg Eisteddfod hierdie jaar vanaf 14-26 Mei plaasvind. Sluitingsdatum is middel April. Alle verdere inligting sal in die Omsendbriewe geplaas word sodra dit ontvang is.

14 **KULTUURBELEID**:
Die Kultuurbeleid is hersien en op die webwerf beskikbaar.

15 **BERGFIETS:**
Ons gaan weer bergfiets ry vanaf 26 Feb. Oefening sal elke Maandag plaasvind by die parkie in Jordaanpark (hv 3de laan en Unie str) vanaf 15:30-16:15. Kontak Wikus vir meer inligting by 082 780 0117.

16 **SKOOL- EN NASKOOLREKENING:**
Bogenoemde rekeninge word vandag aan u ge-epos. Kontak vir Mev Chrisna Meyer indien u nie 'n rekening ontvang het nie.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF